THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT
WATERBEPERKINGS

KENNISGEWING AAN ALLE VERBRUIKERS VAN MUNISIPALE DRINKWATER: WATERBEPERKINGS VAN TOEPASSING VAN 1 NOVEMBER 2016.

Ingevolge ‘n kennisgewing, no 1057, van die Direkteur-Generaal van die Nasionale Department van Water en Sanitasie, in die Staatskoerant, 40279, van 16 September 2016, word, in terme van Skedule 3 van Nasionale Waterwet No 36 van 1998, waterbeperking in die gebied van die Wes-Kaap se Watervoorsieningsisteem, ingestel.

Ingevolge die afkondiging gee die Munisipaliteit van Theewaterskloof, ingevolge die Beleid op Droogtebestuur en die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, kennis dat vlak 2 waterbeperkings vanaf 1 November 2016, tot verdere kennisgewing, binne die grense van Theewaterskloof geld.

Hierdie waterbeperkings is noodsaaklik weens die lae vlak van opgaardamme wat water aan hierdie dorpe verskaf asook om die 20% besparing te bereik.

Enige persoon wat die bepalings van hierdie finale kennisgewing oortree, sal aan ‘n oortreding skuldig wees en mag vervolg word.. Oortredings kan by die nommer 028 214 3319 aangemeld word.

Waterbeperkings Maatreëls

1. Met die uitsondering van besighede wat vir kommersiële doelwitte motors was, is die gebruik van ‘n waterslang, vir die was van motors, verbode.
2. Die vul van swembaddens is verbode.
3. As eie water uit ‘n geregistreerde boorgat of reservoir gebruik word, moet ‘n sigbare kennisgewing op die terrein geplaas word en moet die boorgat se registrasienommer op die kennisgewing aangebring word – as voorbeeld “Eie water: Boorgat: Registrasienommer 12345”.
4. Aansoeke vir kwytskelding van die bepalinge moet vir oorweging by Direktoraat: Tegniese Dienste versoek word.
5. Waterbeperkingstariewe, soos wat gepubliseer is in die Theewaterskloof Munisipaliteit se jaarlikse tarieflys sal vanaf 1 November 2016 implementeer word:
6. Alle huishoudings sal beperk word tot 15kl/maand.
7. Ander gebruikers, besighede en vermaaklikheidsentiteite sal beperk word tot 85% van die gemiddelde gebruik oor ‘n periode van 6 maande, besparing van 15%.
8. Industrieë se watergebruik moet met 10% verminder van die gemiddelde gebruik oor ‘n termyn van 6 maande.
9. Indien vermelde limiete oorskry word sal apparate geïnstalleer word wat watervloei beperk. Met die uitsondering van geregistreerde deernishuishoudings sal die koste vir die implimentering van die apparaat deur die oortreder betaal word.
10. Tuine mag enige tyd van die dag net met gieters of emmers nat gemaak word. Eiendomme met geregistreerde boorgate, wat voldoen aan die vereiste in punt 3 hierbo, word van die bepalings kwytgeskeld.
11. Persone wat die beperkings oorskry is skuldig aan ‘n oortreding en mag met skuldigbevinding ‘n boete, soos bepaal deur die hof opgelê word.
12. Herhaalde oortredings mag tot addisionele boetes lei.
13. Die owerheid sal watergebruik streng moniteer.

Davy Louw
Waarnemende Munisipale Bestuurder
Theewaterskloof munisipaliteit
2016/10/07